



DIE KRAG VAN ONAFHANKLIKE ADVIES

INTERNASIONALE MARKTE DOW JONES NYWERHEIDSINDEKS BEREIK NUWE HOOGTEPUNTE

Februarie was 'n besonder positiewe maand vir Amerikaanse aandele. Die Dow Jones Nywerheidsindeks het op Maandag 27 Februarie vir die 12e agtereenvolgende sessie nuwe hoogtepunte bereik (die langste lopies sedert deurlopende rekord hoogtepunte in 1987 aangeteken is), ná President Trump aangekondig het dat hy oor sy planne vir besteding aan infrastruktuur sal praat tydens sy eerste beleidstoespraak aan die Amerikaanse Kongres die volgende dag. Hoop vir laer belasting, eenvoudiger regulasies en hoop vir nuus betreffende besteding aan infrastruktuur het die lopies aangeblaas. 'n Versigtiger atmosfeer het die volgende dag in markte geheers en die Dow het op die laaste dag van Februarie effens laer (-0.1%) gesluit. Die indeks het wel 'n indrukwekkende styging van 4.77% vir die maand aangeteken is vir die jaar tot datum 5.31% hoër.

Die S&P500 het ook goed gevaar en die maand op +3.72% afgesluit (+5.57% jaar tot datum) en die NASDAQ was ook stewiger op 3.75% vir die maand (+8.22% vir die jaar tot datum). Soortgelyk aan sy toespraak met sy inhuldiging het President Trump se toespraak aan die Kongres ondanks hoë verwagtinge min werklike besonderhede opgelewer rakende sy planne om die Amerikaanse ekonomie te stimuleer. Volgens woordvoerders van die *Wells Fargo Investment Institute* was die toespraak "sonder detail en markte se reaksie was wisselvallig en sonder enige rigting".

In Europa het die FTSE 100 Indeks met 2.31% vir die maand gestyg (+1.69% jaar tot datum). Die Duitse DAX het die maand met 2.59% gestyg (+3.08% jaar tot datum) en die Franse CAC was 2.31% stewiger vir die maand hoewel dit vir die jaar tot datum byna onveranderd is op +0.08%. In Asië het aandele ook beter vertoon, gesteun deur die lopies op Wallstraat. Japan se Nikkei was 0.4% hoër vir die maand terwyl China se Shanghai Saamgestelde Indeks in Februarie 2.61% stewiger was. Die Hang Seng Indeks in Hong Kong het in Februarie met 1.63% gestyg ná die sterk lopies (+6.2%) van Januarie. Daardie indeks is nou 7.91% stewiger vir die jaar tot datum.

Wat kommoditeite betref was oliepryse grootliks onveranderd (-0.02% vir die maand) maar spekulasie dat Amerikaanse produksie gaan toeneem was in teenstelling met die verwagting dat daar aan OPUL se produksie-ooreenkomste voldoen sal word. Die goudprys het 'n wisselvallige maand gehad maar tog die maand 3.1% hoër as in Januarie afgesluit (jaar tot datum is die prys 8.8% hoër). Die platinaprys het verskeie kere deur die loop van die maand tot onder \$1 000 per ons geval maar die maand op 3.0% hoër as Januarie afgesluit.

Bronne:

- [Anchor Capital](#)
- [Fin24.com](#)
- [Wheels24.com](#)

PLAASLIKE MARKTE

STERKER RAND HET IMPAK OP RANDVERSKANSINGSAANDELE

Die plaaslike mark het in Februarie terug gesak ná dit in Januarie die nuwe jaar goed afgeskop het. Die FTSE JSE Indeks van Alle Aandele het die maand 3.1% laer as die vorige maand gesluit, hoewel die mark wel vir die jaar tot datum ietwat stewiger is (+1%). Lopies op internasionale markte het min uitwerking gehad danksy swakker vertonings van hulpbronaandele en 'n sterker geldeenheid en natuurlik ook die deurlopende politieke risiko's het die mark afgedruk.

Die hulpbronne sektor het die stygings van Januarie terug gegee en die Resi-20 het vir die maand 10.7% gedaal. Finansiële aandele bly steeds onder druk en het die maand so te sê onveranderd afgesluit (-0.1% teenoor Januarie). Die rand het goed gevaar teen die dollar en die maand 2.6% stewiger afgesluit; jaar tot datum is die plaaslike geldeenheid 4.5% stewiger. Die sterker rand het 'n impak gehad op randverskansingsaandele, wat 'n groot deel van die plaaslike mark uitmaak.

In Januarie het hulpbronaandele die beste vertoning aangeteken maar in Februarie was dit grootliks nywerheidsaandele.

Die konstruksiegroep Murray & Roberts het die beste vertoning vir die maand aangeteken en met 36.5% teenoor Januarie gestyg; by verre die beste vertoning van die maand. In die tweede plek was Hudaco (+22.7%) en die derde plek was die gediversifiseerde nywerheidsgroep KAP (+20.1% vir die maand). Die swakste vertonings was aangeteken deur Impala Platinum (-17.6% vir die maand), African Rainbow Minerals (-15.8%) en BHP Billiton PLC (-14.6%).

President Jacob Zuma se openingsrede in die Parlement het teleur gestel aangesien min tot geen besonderhede verstrek is oor maniere wat ingespan gaan word om die ekonomie te stimuleer nie. Politieke risiko bly 'n negatiewe faktor en spekulasie dat 'n kabinetskommeling aangekondig gaan word – wat kan beteken dat die Minister van Finansies, Pravin Gordhan, uit sy pos geskuif gaan word – duur voort.

Aan die ekonomiese front het die handelstekort op R10.8 miljard verras aangesien dit heelwat hoër is as wat verwag is. Hoewel dit jaar op jaar effens beter lyk was uitvoersyfers swakker as wat algemeen voorspel is. Verbruikersinflasie het in Januarie effens verbeter tot 6.6% teenoor die 6.8% van Desember verlede jaar. Voedselpryse en vervoerkostes lewer steeds die grootste bydraes tot die inflasiesyfer en het onderskeidelik met 11.4% en 6.7% jaar op jaar gestyg.

Kredietverskaffing in die private sektor het in Januarie op 5.6% jaar op jaar gestaan teenoor 5.1% groei jaar op jaar in Desember, grootliks weens stygings in lenings en voorskotte in die korporatiewe sektor.

OM LANGTERMYNWELVAART TE SKEP MOET 'N MENS 'N SEKERE MATE VAN RISIKO AANVAAR.

DIE GROOTSTE RISIKO IS OM GEEN RISIKO TE NEEM NIE.

DIE GROOTSTE BYDRAE WAT ONS KAN MAAK AS BELEGGINGSADVISEURS IS OM TE PROBEER OM DIE HOOGSTE MOONTLIKE OPBRENGS TE BEREIK MET DIE LAAGSTE MOONTLIKE RISIKO.

JOHANNESBURG
(FOURWAYS)

Tel: +27 (0)11 799 8100
Fax: +27 (0)11 799 8101

Unit 2B, Cedar Office Estate,
Cedar Road, Fourways, SA

JOHANNESBURG
(SANDTON)

Tel: +27 (0)10 035 1391
Fax: +27 (0)86 775 7089

The Business Exchange,
150 Rivonia Road, Sandton, SA

PRETORIA
(ERASMUSKLOOF)

Tel: +27 (0)12 347 8240
Fax: +27 (0)12 347 0601

494A Lois Avenue, Erasmuskloof X3,
Pretoria, SA

CAPE TOWN
(DE WATERKANT)

Tel: +27 (0) 21 418 1236
Fax: +27 (0) 21 418 1304

29 Chiappini Street, De Waterkant,
Cape Town, SA

BELLVILLE
(TYGERVALLEY)

Tel: +27 (0)21 914 9646
Fax: +27 (0)21 914 6515

Tyger Waterfront Terraces 2,
Carl Cronje Drive, Bellville, SA

STELLENBOSCH
(CENTRAL)

Tel: +27 (0)21 882 8706
Fax: +27 (0)21 882 8799

97 Dorp Street, Unit 3,
La Gratitude, Stellenbosch, SA